DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

**21 April 2024**

*Eredienste* begin *09:30*

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | Ds. Sarel Venter |
| **Skriflesing** | Genesis 18: 1 - 15 & Hebreërs 11: 8 - 13 |
| **Tema** | Van twyfel tot geloofsvertroue |
| **Sang** | Psalm 89: 1, 11<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Psalm 130: 1, 3, 4<br>Psalm 61: 1, 4<br>Psalm 68: 9, 13 |

Sara hoor in die teks vir die 5de keer die belofte van 'n nageslag. Die Here maak seker dat sy die belofte self hoor. Maar Sara lag vir God se belofte! Sy het dit al so baie gehoor dat sy nie meer opgewonde daaroor kan raak nie. Daarby sê die harde werklikheid iets anders. Sy is al te oud om kinders te hê. Sy weeg die belofte teen die feite op. Haar gevolgtrekking? Onmoontlik!

**Geloof lei ons om dieper en verder as die harde feite te kyk. Geloof eis dat jy die God wat die belofte gee, moet hoor en Hom ten volle vertrou. Die harde werklikheid laat Sara vir God se belofte lag. Wat 'n verskriklike gedagte! Wat gaan die Here doen? Hy lei Sara na vertroue deur kennis van Homself en van haar eie sonde. Sara verstaan dat sy met die Almagtige, alwetende God te doen het. En sy is bang. Daarom ontken sy dat sy gelag het. Dan word die menslik onverstaanbare grootheid van God se geduld sigbaar. Hy herhaal dat Hy weet dat sy gelag het. Hierdie herhaling laat Sara swyg. Nou weet sy dat die belofte waar is. Twyfel het tot geloof gegroei. God se Woord is genoegsaam om jou twyfel te verdryf. Die Heilige Gees werk sekerheid in jou hart, want Hy lei jou weer terug na God se beloftewoord. Hy wys vir jou die Woord wat mens geword het om jou twyfel tot sekerheid te laat groei. Alle beloftes is in Jesus Christus vervul en nou wag ons op Sy terugkoms.**

# OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Susan Weideman vir volle genesing nadat beide haar oë Donderdag geopereer is. Sterkte met die ongemak.
* Ons is dankbaar dat almal wat olik was, besig is om te herstel. Ons bid vir ons broers en susters wat geestelik swaarkry en ons bystand nodig het.
* Ons is dankbaar dat ons kinders goed op dreef is met die akademie en die sport. Seënwense vir ons kinders en ouers wat rondry en tans besig is met hokkie, netbal en rugby. Baie geluk aan die kinders wat goed presteer het met die Landloop.
* Geen Bybelstudie Woensdagaand nie. Ons is dankbare ouers wat Potchefstroom toe gaan waar Francois sy Meestersgraad ontvang.

# KONSISTORIEDIENSBEURTE 21 Apr 2024

Diensbeurt: Wyk 18
Ouderling: Dewaldt Hattingh

Katkisasie: Les 9
Diaken: Sarie Hattingh

**Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.**

*Eredienste begin 09:30*

# TEE EN KOFFIE KUIERTYD



**Susters word versoek om asb Sondae hand by te sit om koffie en tee te bedien en om op te was na die erediens.**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 22 April 2024 | 18:00 | *Kerk* | Finanskommissie |
| 23 April 2024 | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 24 April 2024 | ONTHOU | *geen* | Bybelstudie nie |
| 30 April 2024 | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| *1 Mei 2024* | *Geen* | *Bybelstudie* | *agv Openbare vakansiedag* |

# KALENDER

| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Datum* | *Naam* | *Ouderdom* | *B / D* | *Sel/Tel no.* |
| (So) 21 Apr | *Willie vd Berg **<br>André vd Merwe | *75*<br>67 | B<br>B | 066 045 5078<br>082 453 5366 |
| (Ma) 22 Apr | Peet Oosthuizen | 38 | B | 073 057 0870 |
| (Di) 23 Apr | *Fanie Hattingh ***<br>*Hannie Lewis ** | *82*<br>*73* | B<br>B | 082 556 7681<br>084 899 5398 |
| (Wo) 24 Apr | De Wet Hoogendyk | 8 | D | 066 240 3118 |
| (Vr) 26 Apr | *Stephan vd Walt **<br>Leon Venter | *72*<br>62 | B<br>B | 082 937 9085<br>083 292 3250 |
| (Sa) 27 Apr | *Bets Geldenhuys ***<br>Hannelie Krüger | *84*<br>64 | B<br>B | 084 496 1845<br>082 856 8509 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
| (So) 21 Apr 1984 | Barry & Christine de Lange | 40 | 076 329 6545<br>076 329 6563 |
| (Di) 23 Apr 1977 | Francois & Heila Lessing | 47 | 083 627 4191<br>083 626 0185 |
| (Wo) 24 Apr 2004 | Braam & Nita Schutte | 20 | 082 813 3887<br>079 515 1425 |
| (Vr) 29 Apr 2014 | Jaco & Betsie de Witt | 10 | 084 209 4220<br>084 513 8300 |
| (Vr) 26 Apr 2019 | Willem & San-Mari van Wyk | 5 | 083 627 2726<br>082 308 4825 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Sonder ophou sal ek van u verlossingswerk, van u reddingsdade bly praat, want hulle is meer as wat ek kan tel.**

**Psalm 71:15**

## KOLLEKTES

**Kollektes April 2024**

**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**



**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
~~**7 April 2024 Kerklike Tydskrifte**~~
~~**14 April 2024 Expanda**~~
**21 Aril 2024 Diakonale Bystans Fonds**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# SOP & SJERRIE Aand

Die susters bied op **24 Mei 2024 om 18:00 'n Sop-en-Sjerrie-aand** aan.

Kom kuier en eet saam aan 'n verskeidenheid heerlike soppe uit ons eie Dopper-kombuise.

**Jou toegang vir hierdie aand is slegs JOU gunsteling pot sop.** As jy tuis gemaakte konfyt het, bring saam sodat ons dit kan proe.

Skryf jou naam op die lys agter in die portaal as jy die onvergeetlike aand gaan bywoon en dui ook aan as jy jou gunsteling sop vir ons gaan maak.

**Onthou asb ook om jou eie eetgerei saam te bring.** Sjerrie sal verskaf word, jy's welkom om ook jou eie drinkgoed saam te bring.

'n Donasiekassie sal ook beskikbaar wees vir die wat 'n donasie wil maak in plaas van om 'n pot sop te bring.
Ons sien daarna uit om met almal 'n broodtjie te breek en lekker saam te kuier

# GEMEENTE KAMP (VILLA MAROELA)

**Die Aktiwiteitskommissie beplan 'n gemeentekamp by Villa Maroela vanaf 30 Augustus tot 1 September 2024.**



**Vir besprekings en pryse kyk agter in die portaal. Bespreek en betaal jou plek nou om te verseker dat jy plek het vir die gemeentekamp. ONTHOU plekke raak min en as jy nie nou gaan bespreek nie gaan jy die kamp misloop.**



**Moet nie die geleentheid misloop nie bespreek jou plek vroegtydig!!!!**





# WARM WINTERHART VAN HOOP




# DIAKONIE



**Die winter is in volle mag met ons en die diakonie vra asb skenkings van sop bottels gevul met een koppie elk van rys, ertjies, lintels , boontjies en 'n "stock" blokkie. Produkte ook by die kekrkantoor afgelewer word aangesien ons baie bottels het wat ons dan sal vul. Hierdie mengsel maak 'n smaaklike ete vir 'n gesin vir die koue aand wat voorlê.**


# KOEKSISTER—PROJEK

Op 1 Mei 2024 vanaf 09:00 bak ons heerlike tradisionele koeksisters.

Om van hierdie projek 'n sukses te maak word almal, mans en vrouer se hulp gevra. Kom help asb vleg, bak en pak.

Donasies sal hoog op prys gestel word : soos eiers, meel, olie, suiker en kaneel.

Teen slegs R50.00 per dosyn sal jy jou bestellings vroegtydig moet geplaas. Plaas jou naam op die lys voor in die portaal om jou bestelling te verseker.




Vir enige hulp of ander inligting skakel Marina vd Walt op 072 135 6905.

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)




## God het jou geroep!

**Jy is geskep om God te dien.**
**Jy is gered om God te dien, uit dankbaarheid.**



**Aanvaar jou opdrag: Gaan dan na die mense en maak hul dissipels. Ek is met julle … Mat.28:20**




**Gebruik jou gawes en talente om ander te dien, in die gemeente en samelewing.**



**Ons is geseën, om ‘n seëning vir ander te wees.**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG - VERVOLG)






**Loer na Sondag 21**

***"...elkeen is verplig om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend..."***






**Kom ons wees SOUT en LIG hierdie week, tot eer van GOD.**



| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za<br><br><br>**Bankbesonderhede**<br>Kerkkas | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens.<br>ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | Diakonie<br><br>Koningskinders<br><br>Geref. Susters Org. Pietersburg<br><br>Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*14 Is enigiets te wonderbaarlik vir die Here? Op die vasgestelde tyd wanneer die seisoen draai, sal Ek na jou toe terugkom, en dan sal Sara 'n seun hê.”*
*15Sara het dit egter ontken en gesê: “Ek het nie gelag nie,” want sy was bang. Hy het gesê: “Nee, maar jy hét gelag.”*

*Genesis 18: 14 & 15*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS